Les11

**10 - 16 Maart*

Skuld — ‘n daaglikse besluit

SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:
Psalm 37:21, Mattéüs 4:3–10, Mattéüs 6:33, Deuteronómium 28:12, Spreuke 13:11, Spreuke 21:5, II Korintiërs 4:18.

Geheueteks:
“Betaal dan aan almal wat aan hulle verskuldig is: belasting aan die wat belasting, tol aan die wat tol, vrees aan die wat vrees, eer aan die wat eer toekom. Wees aan niemand iets skuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê; want hy wat ‘n ander liefhet, het die wet vervul” *(Romeine 13:7, 8).*

Soms is jy gelukkig genoeg om iemand te vind wat gewillig is om aan jou geld te leen. Miskien doen daardie persoon dit met ‘n suiwer motief – d.w.s., hy of sy wil jou werklik help om uit jou finansiële verknorsing te kom. Maar, in die meeste gevalle, leen mense jou nie die geld omdat hulle vir jou goed wil wees nie. Hulle leen vir jou geld omdat hulle hul geld wil vermeerder. Ons moet alles in ons vermoë doen om skuld te vermy. In sekere gevalle, soos om ‘n huis of ‘n motor te kan koop, ‘n kerk te bou of om te kan studeer, moet ons geld leen. Maar dit moet so versigtig as moontlik gedoen word met die voorneme om dit so gou as moontlik terug te betaal. Tog moet ons versigtig wees. Om geld te spandeer wat ons nie het nie, is om “... hebsug en ‘n liefde vir aardse skatte die oorhand [te laat kry] in [ons] harte. Solank as hierdie dinge die botoon vier, sal verlossing en genade op die agtergrond gestel word.” — Ellen G. White, *Eerste Geskrifte*, bl. 228.

Ons moet ons vaardighede en vermoë verbeter sodat ons kan leer om deur selfdissipline alles in ons vermoë te doen om nie skuld te maak nie. Hierdie week gaan ons kyk wat die Bybel oor skuld sê.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 17 Maart.*

Sondag

11 Maart

Om te leen en te spandeer

Die profete-seuns en Elisa het hout by die Jordaanrivier gaan haal. Terwyl een die balk gekap het, "val die yster in die water; en hy roep uit en sê: 'Ag, my heer, dit is nogal geleen!' " *(II Konings 6:5)*. Die werkwoord "om te leen" beteken om iets wat aan iemand anders behoort, met toestemming te gebruik. Hierdie toestemming sluit 'n risiko en verantwoordelikheid in. Geleende geld is net soos die geleende byl, behalwe dat dit erger gevolge kan hê indien dit misbruik word. Die enigste rede hoekom ons geld leen, is om dit te spandeer. Die finansiële risiko wat ons neem, is om te veronderstel dat ons die vermoë het om dit terug te kan betaal, en dat daar geen ander finansiële "verrassings" in die toekoms sal opduik nie. Maar, die toekoms is onbekend aan ons *(Prediker 8:7)*; dus, om geld te leen, sluit altyd 'n risiko in.

Wat sê die volgende teksverse oor skuld?

Psalm 37:21

Prediker 5:5

Deuteronómium 28:44, 45

Ons mag miskien geld leen met die gedagte om dit wyslik te gebruik, maar die versoeking om dit wat ons het, uit te gee, selfs geleende geld, kan groot probleme vir ons veroorsaak. Deur geleende geld te spandeer, leef baie van ons 'n lewe wat ons nie kan bekostig nie. Die versoeking om te leen en te spandeer, is die hartklop van die verbruikerskultuur, en het 'n invloed op ryk en arm. Wanneer ons versoek word, behoort ons eers aandag aan God se voorsienigheid te gee *(I Korintiërs 10:13)*, want om geld te leen, kan tot 'n vloek lei *(Deuteronómium 28:43–45)*. Moenie die slegte gewoonte om geld te leen, aanleer nie. Indien jy dit reeds gedoen het, betaal dit so gou as moontlik terug. Ons moet leer om wyslik te spandeer, om die bestuurders van God se geld te wees en nie deur die wêreld se geld beheer te word nie. Let wel, daar is sommige situasies waarvoor daar geld geleen moet word. Maar, dit moet versigtig gedoen word en met die voorneme om alles so gou as moontlik terug te betaal.

Watter geestelike gevare ontstaan wanneer 'n persoon deur skuld vasgevang word?

Maandag

12 Maart

Rentmeesterskap en kitsbevrediging

"En Jakob het aan Esau brood en die kooksel lensies gegee; en hy het geëet en gedrink en opgestaan en weggegaan. So het Esau dan sy eersgeboortereg verag" *(Génesis 25:34)*. Esau was a growwe persoon wat van die buitelewe gehou het en sy eie drange en hartstogte gevolg het. Toe hy sy broer se bredie geruik het, wou hy die lensies onmiddellik gehad het, alhoewel hy heelwaarskynlik nie dood van die honger was nie. Omdat hy deur sy emosies en lus beheer was, het hy toegelaat dat die druk van die oomblik sy rede oorheers het, en het hy toe sy eersgeboortereg vir kitsbevrediging verruil. Toe hy sy geboortereg terug wou hê, en alhoewel "hy dit met trane vurig begeer [het]", *(Hebreërs 12:17)*, het hy dit nie ontvang nie. Jesus se voorbeeld was net die teenoorgestelde van Esau s'n. Nadat Hy 40 dae lank gevas het en amper van die honger gesterf het, het die duiwel Hom drie keer versoek *(Mattéüs 4:3–10)*. Maar Jesus het geweet waarop die versoekings gemik was, en selfs in Sy swak toestand het Hy nie aan hierdie kitsoplossing toegegee nie. Gedurende Sy hele lewe het Jesus die plesiere van sonde en selfbevrediging Homself ontsê, en, deur dit te doen, het Hy getoon dat ons ook sonde kan oorwin. Hy het nie Sy geboortereg verkoop of dit verloor nie, en Hy nooi almal om Sy oorwinning te deel en mede-erfgename saam met Hom te wees *(Romeine 8:17, Titus 3:7)*. Ons behou ons geboortereg deur die voorbeeld van Jesus na te volg wanneer ons versoek word *(I Korintiërs 10:13)*. Die beste wat hierdie wêreld kan aanbied, is om net die oomblik te geniet, want dit kan nie die hiernamaals aanbied nie. Om vir jouself te leef, is die teenoorgestelde van om vir God te leef.

Wat leer die volgende teksverse ons oor die moontlike gevare van kitsbevrediging, selfs vir gelowige mense? *II Samuel 11:2–4, Génesis 3:6, Filippense 3:19, I Johannes 2:16, Romeine 8:8.*

Die begeerte vir kitsbevrediging is simptomaties van ongedissiplineerde gedagtes; dit is 'n vyand van volharding wat langtermyn doelwitte ondermyn, belaglik laat lyk, en aanspreeklikheid afwater. Om selfbevrediging uit te stel, is 'n aangeleerde gewoonte; dit is 'n lewensvaardigheid wat help om situasies en druk te hanteer, veral die versoekings wat die wêreld aanbied soos om geld te leen sonder om behoorlik daaroor na te dink nie. Maar hierdie gedagte is nie gewild in 'n wêreld wat op oombliklike beloning, kitsoplossings, en gou-ryk-word skemas konsentreer nie. As ons eers kitsbevrediging ondervind het, sal ons meer geneig wees om die korttermyn beloning weer te kies, en dan weer, en weer . . . . Rentmeesters van die gawes wat God ons gegee het, moenie in hierdie slagyster trap nie.

Dinsdag

13 Maart

Om binne jou vermoë te leef

"'n Kosbare skat en olie is in die woning van die regverdige, maar 'n dwase mens bring dit deur" *(Spreuke 21:20)*. Hierdie vers konstrasteer die rentmeesterskap van ekonomiese verantwoordelikheid met die hantering van weelderigheid en verkwisting. Dwase mense maak geen planne om binne hulle vermoë te leef nie. Hulle spandeer hulle rykdom gulsiglik, selfs as dit geleende rykdom is, en voel dat finansiële wysheid of om spaarsaam te lewe, te moeilik is, soos om onwillig 'n dieet te volg. Tog, selfs wanneer ons nodig het om geld te leen, soos om 'n huis te kan koop, moet ons dit baie versigtig ooweeg en besef dat ons binne ons vermoë moet leef. Die rykes kan binne hulle vermoë met behulp van hulle rykdom leef. Hulle probleem is dat hulle altyd oor hulle rykdom bekommerd is en hoe om dit te behou. Wanneer mense baie min het en van maand tot maand leef, is hulle besorgd oor hoe om aan die gang te bly, nie oor rykdom nie. Nietemin, die Bybel se raad is om binne ons vermoë te leef, afgesien van hoeveel ons het. Paulus se raad klink asof ons in uiterste eenvoud moet leef: "Maar as ons voedsel en klere het [kan ook behuising insluit], moet ons daarmee vergenoeg wees" (I Timótheüs 6:8). Paulus heg nie baie waarde aan aardse besittings nie, vir hom is 'n lewe in Christus genoeg *(Filippense 1:21)*.

Watter beginsel moet bo enigiets anders onthou word? *Mattéüs 6:33*. Hoe kan ons seker wees dat dit is hoe ons leef?

Ons behoort aan ons besittings as bronne te dink wat verantwoordelik bestuur moet word, nie as inkomstes nie. 'n Begroting is die metode wat ons behoort te gebruik om hierdie taak te vervul. Om 'n begroting te beplan, is 'n aangeleerde vaardigheid wat nadenkend bestudeer moet word. 'n Gedissiplineerde optrede en inspanning word benodig om 'n gebalanseerde finansiële plan suksesvol te bestuur *(Spreuke 14:15)*. As ons onsself daartoe verbind om ons finansiële plan suksesvol uit te voer, sal ons daarin slaag om vernederende finansiële mislukkings te vermy. Indien jy 'n probleem het met geldhantering, stel 'n begroting op. Dit hoef nie ingewikkeld te wees nie. Dit kan so maklik wees soos om al jou uitgawes oor 'n paar maande bymekaar te tel en dan 'n maandelikse gemiddeld uit te werk. Die oplossing is om binne jou vermoë te leef, kom wat wil, en alles in jou vermoë te doen om skuld te vermy.

Lees Lukas 14:27–30. Jesus illustreer hier die prys van dissipelskap deur 'n voorbeeld te noem van 'n bouer wat die koste bereken om 'n toring te bou, en wat dan gebeur as hy dit nie kan voltooi nie. Watter les oor rentmeesterskap moet ons hieruit leer?

Woensdag

14 Maart

Om nee te sê vir skuld

Lees ***Deuteronómium 28:12.*** **Wat leer dit ons oor om te veel skuld aan te gaan? Watter beginsel word hier toegepas?**

Dit is net gesonde verstand om skuld so ver as moontlik te vermy. Die Skrif waarsku ons ook om nie borg te staan vir iemand nie *(Spreuke 17:18, 22:26)*. Skuld beïnvloed die toekoms en verplig ons om die vereistes na te kom al is ons finansiële posisie swak. Dit is 'n bedrieglike lewensmiddel wat Christene moeilik vind om te vermy, en te hanteer. Skuld is nie noodwendig verkeerd nie, maar dit versterk nie ons geestelike lewe nie. "Daar moet streng op besparing ag geslaan word; anders sal 'n swaar skuld oploop. Bly binne die perke. Vermy die maak van skuld soos u melaatsheid sou vermy." — Ellen G. White, *Counsels on Stewardship,* bl. 272. Skuld kan 'n finansiële gevangenskap word wat ons 'n "slaaf van die man wat uitleen" *(Spreuke 22:7)*, maak. Omdat skuld so deurvleg is in die struktuur van ons ekonomiese wêreld, dink ons daaraan as die norm. Per slot van rekening, die bestaan van nasies is van skuld afhanklik; Hoekom sal indiwidue dan nie dieselfde doen nie?

Hierdie is 'n verkeerde gesindheid om te hê. "Sluit 'n plegtige verbond met God dat u, met Sy seën, u skuld sal betaal en dan aan niemand iets verskuldig sal wees nie, al moet u van pap en brood lewe. Dit is so maklik wanneer mens 'n maaltyd berei, om jouself vyf-en-twintig sent vir ekstras uit die sak te jaag. Pas die sente op, en die rande sal vir hulself sorg. Dit is die sente hier en die sente daar, wat op alles en nog wat uitgegee word, wat weldra tot rande aangroei. Verloën die eie ek ten minste terwyl u met skuld ommuur is . . . . Moenie aarsel, mismoedig word of op u voetspore teruggaan nie. Ontsê u smaak, moenie aan eetlus toegee nie, spaar u sente en betaal u skuld. Werk dit so gou moontlik af. Sodra u weer as vrye man kan staan, en aan niemand iets verskuldig is nie, sal u 'n groot oorwinning behaal het." —Ellen G. White, *Raad oor Rentmeesterskap*, bl. 257. Skuld is 'n swak fondament vir 'n Christen om op te staan. Dit kan ons geestelike ondervinding skade aandoen en ons vermoë om God se werk finansieel te ondersteun, beperk. Dit ontneem ons die vermoë om aan andere met gerustheid te kan gee en om God se seëninge te ontvang.

Watter besluite kan jy nou neem wat jou dalk sal help om enige onnodige skuld aan te gaan? Wat sal jy jouself moet ontsê om skuldvry te kan leef?

Donderdag

15 Maart

Om te spaar en te belê

Die mier werk hard om vir die winter voorsiening te maak *(Spreuke 6:6–8)*. Ons sal wys wees om op te let wat hulle doen terwyl ons gereeld geld vir ‘n spesifieke doel spaar. Die rede hoekom ons moet spaar, is om voorrade vir ons lewensonkoste of behoeftes bymekaar te maak teenoor om dit wat ons verdien, te mors of op te hoop. Om geld goed te bestuur, verg insig, beplanning en selfdissipline. As ons net vir ons self spaar, steel ons God se besittings in plaas daarvan om dit te bestuur. “Geld wat sonder rede uitgegee word, is ‘n dubbele verlies. Dis nie net weg nie, maar die potensiaal om dit te vermeerder, is ook verlore. As ons dit een kant sou sit, kon dit hier op aarde vermeerder het deur middel van ‘n spaarplan, of in die hemel deur bydraes . . . . ‘n Spaarplan is ‘n dissipline wat outoriteit oor geld ontwikkel. In plaas daarvan om toe te laat dat ons geld aangewend word om al ons giere te vervul, moet ons beheer neem.”—Randy C. Alcorn, Money, *Possessions and Eternity* (Carol Stream: Illinois, Tyndale House Publishers, 2003), bl. 328, (vrye vertaling).

Lees Spreuke 13:11, 21:5 en 13:18. Watter praktiese woorde hier kan ons help om finansiële sake beter te hanteer?

Rentmeesters spaar vir gesinsbehoeftes en belê in die hemel wanneer hulle God se bates reg bestuur. Dit gaan nie oor hoeveel jy besit nie, maar oor ‘n Bybelse bestuursplan wat jy in plek het, wat jou finansiële situasie ook mag wees. Daar moet met wysheid vir gesinsbehoeftes gespaar word. Om enige verlies te voorkom, moet die risiko verbreed word *(Prediker 11:1, 2)*. Daar is twee maniere in hierdie model om dit suksesvol te laat werk, eerstens deur jou begeertes te beperk *(Spreuke 24:27)*, en dan gekwalifiseerde advies in te win (Spreuke 15:22). Soos wat behoeftes vervul word en rykdom groei, moet ons “... aan die Here jou God [dink], dat dit Hy is wat jou krag gee om rykdom te verwerwe ...” *(Deuteronómium 8:18)*. Die beste beleggingsmodel vir God se rentmeester is om in “ ‘die koninkryk van die hemele’ ” *(Matt. 13:44)* te belê. Daar is geen resessies, risiko’s, diewe of afwaartse markbewegings nie. Dit is soos om ‘n beursie of geldsak te hê wat nooit oud word nie *(Lukas 12:33)*. Deur Christus te aanvaar, word die rekening oopgemaak, en deur tiende terug te betaal en offergawes te bring, word deposito’s gemaak. Dit wil sê, hoewel ons na ons wêreldse en aardse behoeftes moet omsien, soos om die rekeninge te betaal, ons altyd op ewige waarhede moet fokus.

Lees II Korintiërs 4:18. Hoe kan ons hierdie waarheid altyd voor oë hou terwyl ons terselfdertyd as verantwoordelike rentmeesters lewe?

Vir verdere studie:

Elke aangebore vermoë, vaardigheid of gawe kom van God af, of dit deel is van ons genetika, of deur ons omgewing of opvoeding beïnvloed was, of beide. Wat belangrik is, is wat ons met die bekwaamhede en vaardighede wat ons het, doen. God verwag van rentmeesters om te leer om hulle bekwaamhede en vaardighede te bemeester deur middel van opvoeding en praktiese ondervinding *(Prediker 10:10)*. Besáleël was "met die Gees van God vervul, met wysheid, met verstand en met kennis en bekwaamheid vir allerhande werk" *(Eksodus 35:31)*. Hy en Ohóliab (Eksodus 35:34) het die bekwaamheid gehad om andere in hulle ambag op te lei. Ons kan leer om beter rentmeesters te wees en spesifiek om skuld te elimineer terwyl ons in 'n materialistiese wêreld leef. Ons behoort gedurigdeur ons vaardighede te ontwikkel deur te lees, seminare by te woon en deur studies, (wanneer ook al moontlik), en uiteindelik beoefen wat ons geleer het. Deur ons vaardighede te verbeter, stel dit ons in staat om ons beste vir God te gee en om goeie rentmeesters te wees. Die gelykenis van die talente dui aan dat elke dienskneg talente ontvang het " '... elkeen na sy vermoë; ...' " *(Mattéüs 25:15)*. Twee van die diensknegte het hulle bedrae verdubbel; die derde een het syne in die grond weggesteek. Ons behoort altyd daarna streef om dit wat ons het, te verbeter, maar deur die talent te begrawe, het hy geen bekwaamheid of vaardigheid getoon nie. Deur geld te bestuur, van skuld ontslae te raak, dissipline te ontwikkel en praktiese ondervinding op te doen, word daar bevoegdhede ontwikkel wat deur God geseën word. Om sukses te behaal en iets goed te kan doen, moet dit oor en oor herhaal word. "Namate die lesse van die Bybel op die daaglikse lewe toegepas word, het hulle 'n diepe, blywende invloed op die karakter. Timotheüs het hierdie lesse geleer en toegepas. Hy het geen besondere, uitmuntende talente besit nie, maar sy werk was waardevol omdat hy sy deur Godgegewe begaafdhede in die diens van die Meester gebruik het...." — Ellen G. White, *Die Handelinge van die Apostels,* bl. 164.

Vrae vir bespreking:

1. Alhoewel selfbeheersing altyd vir die Christen belangrik is, is dit veral belangrik wanneer die afwesigheid daarvan tot finansiële swaarkry of selfs ondergang kan lei. Wat kan ons as 'n kerk doen om diegene wat hierdie probleem ondervind, te help?

2. Lees Romeine 13:7, 8. Hoe kan ons hierdie woorde op ons daaglikse lewens toepas, en ook in al ons interaksie met andere?

3. Sommige mense redeneer dat ons nie oor skuld bekommerd hoef te wees nie, want Jesus kom binnekort terug. Hoe sal jy op hierdie verklaring reageer?